durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

10 November 2019

10 November 2019
Preekreeks: Onse Vader

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Pieter Henning*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens (SAAL)**<br>*Arno Mattheus* |

**Deuroffer: Gideons**

Lees meer hieroor op bladsy 4.

17 November 2019
Preekreeks: Onse Vader
Biddag Beskermingsdienste

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Arno Mattheus*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Plaaslike VGK**

## NUUS:

10 Nov: Preekreeks: Onse Vader
18 Nov: Kerkraadsvergadering
19 Nov: Doopkategese
24 Nov: Sertifikaatsondag
26 Nov: Seniors Bybelstudie Afsluiting
28 Nov: Seniors Kersete (Eensgezind)
30 Nov: Betesda-mark

**2020 KALENDER BESKIKBAAR OP 1 DES 2019**




Gebed is woorde gebore uit 'n gesindheid van die hart, gerig aan die lewende God wat Homself in Sy woord geopenbaar het.

Om die "Onse Vader" te bid, beteken om Hom te ken as 'n werklikheid, nie 'n lewelose, redelose werklikheid nie, maar dit beteken om God te ken as Persoon wat lewe, weet en wil. Dit beteken ook om bewus te wees van Sy teenwoordigheid en om in 'n besondere Vader-kind-verhouding tot Hom te staan. Hierdie besondere verhouding is nie 'n enkel gebeurtenis van 'n betrokke oomblik nie, maar 'n blywende werklikheid.

Dit is 'n verhouding van 'n "U" en 'n "ek" waarvan die fondament waarop dit gebou is, sowel as die wese daarvan, die liefde is. Die krag waarin gebid word, is die geloof, vertroue en versekering dat God die bidder liefhet en dat die bidder vir God liefhet.

Om God "Onse Vader" te noem, berus nie op ons eie insig nie: dit is nie gegrond op ons logiese denke of emosionele aanvoeling nie, maar op die openbaring wat ons van Hom in Jesus Christus ontvang het. Jesus Christus is die waarborg dat God ons Vader is, en in Sy woord word dit aan ons verkondig en deur geloof neem ons dit aan.

Gebed is die toetrede tot God in die vaste, kinderlike vertroue waarmee ons onsself, net soos ons is, met al ons behoeftes, in Sy hande as ons Vader lê. 'n Biddende hart is 'n hart wat selfs sonder enige versoek of behoefte, 'n groot begeerte het aan God se teenwoordigheid en dit bely.

Die "Onse Vader" gebed is 'n belydenis van ons geloof in God en die wete dat Hy as Vader naby is. Ons skuldbrief is saam met Jesus aan die kruis vasgespyker en daarom mag ons deur Jesus Christus, God, ons Vader noem.

**Vandag se teks uit 1953 Vertaling: Matteus 6:9**
**So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word,**

**Verduideliking – Die Bybel in Praktyk**
6:9 Ons moet hierdie voorbeeld gebed van Jesus in ons eie gebede navolg. Ons moet die Here prys, vir sy werk in die wêreld bid, vir ons daaglikse behoeftes bid en ook vra om hulp in ons daaglikse stryd.

6:9 Die woorde: "Ons Vader wat in die hemel is" is 'n aanduiding dat God nie net hoog en heilig is nie, maar ook liefdevol en naby elkeen van ons persoonlik. Die eerste woorde van hierdie modelgebed is 'n lofuiting en daarmee verbind ons ons daartoe om sy Heilige Naam te eerbiedig. Dit beteken dat God self as die Heilige en as God erken sal word. Slegs God kan dit bewerk (vlg Eseg 36:23), ook in die lewe van die bidder.

**Praktiese toepassing:**

**TEENWOORDIGHEID**
"Ons Vader in die hemel, laat u naam geheilig word" – Hoe het jy vandag God se heilige teenwoordigheid in jou lewe ervaar? Waar en op watter maniere was jy veral bewus of onbewus van God?



# Vanuit die Uitreikkantoor …

**2019 NUUS:**

In hierdie jaar was daar redelik skommeling onder ons projekleiers:

In Maart is ons geliefde Marquerite Mouton oorlede. Ralie Herbst het by haar oorgeneem as die projekleiers van iStar gebedsbediening. Op die oomblik is Ralie baie siek na 'n beroerte en benodig haar gesin ons gebede.

Klasie en Ida van Heerden is terug uit Thailand en woon tans in Gansbaai. Hulle gaan egter vanaf Januarie 2020 weer voort met hulle gebedsreise en bediening in Thailand.

Andre en Marina Olivier se standplaas in Thailand het verander en hulle bedien nou vanaf Hua Hin. Hulle projekspan het ook verander en Elbeth Henning is hulle nuwe projekleier. Ons gebruik hierdie geleentheid om vir Johann en Edna van Tonder en hulle span van harte te bedank vir hulle lyding en wonderlike hantering van die projek vanaf dit begin het tot nou.

Louise Kotze het klaargemaak by die sopprojek en Lydia Pieterse neem by haar oor. Hartlike dankie aan Louise en Niel vir hulle harde werk, liefde en geduld met ons straatmense.

Ons buitedienste by Fisantekraal is gestaak. Wes van der Walt help nou uit by verskeie ander Buitedienste. Aan Wes ook ons hartlike dank vir jare se toewyding en liefde aan die mense van Fisantekraal.

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### LESOTHO GESINS TRIPPIE 12-22 DES 2019

Gesinne is welkom om met hulle eie voertuig saam te kom. Dit is die vierde keer wat ons gaan kuier in Lesotho. Ons is in 'n vennootskap met die Semonkong Children Centre (SCC) waar ons ondersteun en help tydens ons besoek.
Daar is nog plek vir twee seniorjeug tieniers om saam met ons te ry.

**Wat gaan dit kos per persoon?**

R 1000 vervoer & R 500 kos & R500 verblyf
R 500 paspoort en unabridged certificate, as jy nie het nie – nou aansoek doen.
R 500 sakgeld (hike / perdry / restaurant / warm stort)

Daar is darem ook tyd om lekker te ontspan en selfs op 'n Basotho ponie te ry. Gesinne kry kans om van die Basotho kultuur te leer op die uitstappie.

Kontak: Jaco van Vuuren 0730176662 en
jaco@memoryinstitute.co.za





Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

**M*slem Staduitreik:**

Daar is Dinsdagaand 12 Nov 'n uitreik na ons M*slemprojek in die stad. Ons vertrek 17:00 vanaf die kerk. Stuur asb 'n e-pos as jy wil saamgaan. Dit is 'n gesinsvriendelike uitreik.

**Kinderhuis Kersfees wenslysie**
Kontak die kinderhuis as jy graag wil bydra:
**events@durbanvillekinderhuis.org.za**

## Uitreikhulp

Ons benodig ou X-traal plate vir 'n projek. Gee af by die kerkkantoor vir aandag Annamaré of Liezl.

Benodig 'n klein los staande kombuiskassie vir 'n lidmaat. Kontak asseblief vir Liezl by die kerkkantoor.

**ALGEMEEN:**
Die Uitreike koördineerder is met verlof vanaf 28 Nov 2019 tot 20 Januarie 2020.




Om hulle te help, koop Badisa sakkies koffie (reeds gemaalde filterkoffie) by Innovation for the Blind (die pakkies koffie word deur blindes verpak). Indien u bereid is om te help om as afsetpunt vir verkope te dien, sal ons dit baie waardeer.

U kan 'n boks koffie by Badisa aankoop teen **R792,00** per boks en dan weer aan u gemeentelede verkoop teen **R66** per pakkie (of meer).

Drie geure koffie is beskikbaar: Blue Mountain, Mocha Java en Blindiana. Elke pakkie bevat 250g gemaalde filterkoffie.

Bergsig het 'n gebeds-whatsapp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid, stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om 'n lewe te leef sonder gebed is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

# Gebed

## Riglyne vir Stiltetyd

**1. Binnekamer** – Kies 'n plek waar jy kan konsentreer en ononderbroke kan stil word en 'n paar hulpmiddels soos bv. kleurpenne, notaboekie, to-do lysie, liniaal, inkleurboek, klei, hekelgoed, musiek ens. 'n Studiebybel en studiegids is altyd goed, maar nie 'n vereiste nie. Die Woord en God se Gees is genoeg!

**2. Kies 'n geskikte tyd** – Wees realisties oor wanneer en vir hoe lank jy kan stil raak. Begin eerder met korter tye. Dit sal geleidelik maklik raak om langer stil te raak soos jy stiltetyd-fiks raak. Sien jou tyd met God as 'n prioriteit en verwag dat Hy met jou gaan praat.

**3. Kies 'n benadering** – Besluit op 'n tema of 'n spesifieke boek in die Bybel en probeer hou by jou plan. Moenie bang wees dat jy gaan uitmis op iets wat God vir jou wil sê omdat jy op die 'verkeerde' plek lees nie. Die hele Woord is deur God geïnspireer. Ons moet altyd verwag dat Hy enige tyd en enige plek met ons sal praat.

**4. Bid voor jy begin lees** – Vra die Heilige Gees om die Woord vir jou oop te breek. Vra Hom vir wysheid en onderskeidingsvermoë om Sy wil te kan onderskei.

**5. Lees –** Lees 'n kort teksgedeelte 'n paar keer aandagtig deur. Lees die kommentaar in 'n studiebybel of ander studiemateriaal as jy meer wil verstaan van die agtergrond van die spesifieke teksgedeelte. Wees versigtig om dele buite konteks te lees en aan te haal. Kom ons lees die Bybel verantwoordelik!

**6. Vra 'n paar vrae** – Studiemateriaal help gewoonlik met sinvolle vrae. Hier is drie eenvoudige vrae wat jy altyd ingedagte kan hou: Wat leer ek van God?/ Wat leer ek van myself?/ Wat moet ek nou gaan doen?

**7. Klim op God se skoot** – God wil met ons praat en Hy doen! Elke dag! Ons moet ingestel wees daarop om Sy hand in alles raak te sien en elke dag met die verwagting te leef dat Hy besig is met ons. Ons moet leer om te luister en nie net te praat nie. Ons moet leer om op Hom te wag! God fluister! Ons moet luister!

**Het jy geweet daar is meer as 650 gebede in die Bybel. Ja 650!!!**

**Hierdie skakel vat jou na 650 gebede uit die Bybel:** http://www.gospelpedlar.com/articles/Christian%20Life/Prayer.pdf

## KNIELTYD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ralie Herbst | Bellalinkastraat | Mediese behandeling | Bemoediging |
| Andre van Vuuren | Centurion W/s 2, 082 328 4575 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Sonia Dowd en kinders | Afrikanerslot 11, 082 332 0001 | Man oorlede | Troos en bemoediging |
| Babs Cronjé | Fairtrees 17 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| JC Smith | Richterstraat 8, 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |




**MANS TGIF** 05:45
Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**

**071 529 9491**




November LiG Tydskrif nou beskikbaar in winkels

## GIDEONS INTERNASIONAAL IN SA

Jesaja 55:11 "*So sal die woord … ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê, en tot stand bring waarvoor ek dit gestuur het*".

**Wie is ons?** Die *Gideons Internasionaal* is 'n internasionale organisasie van wedergebore Christen-professionele manne en vroue wat sedert 1899 slegs een doel voor oë het en dit is om die Goeie Nuus te versprei en sodoende siele vir Christus te wen. Ons plaas Bybels op wat ons noem die "verkeersweë" van die wêreld: dit is plekke soos hotelle, gastehuise, hospitale, en hersteloorde. Ons versprei ook Nuwe Testamente onder studente in skole (alle Graad 8's) en universiteite, sowel as onder gevangenes. Die vrouens plaas Bybels in spreekkamers, hospitale en inrigtings vir middel-afhanklikes en deel ook Bybels aan verpleegpersoneel uit.

As lede van die plaaslike kerke, besoek Gideons gemeentes om u te laat weet dat God die saad gebruik wat ons saai. Ons is 'n verlengstuk van die plaaslike kerk en werk as vennote saam met gelowiges soos u regoor die hele wêreld. Baie, baie dankie vir u ondersteuning.

**Gideonslande**: Die Gideons is tans, sedert die klein begin in die VSA in 1899, amptelik in 200 lidlande betrokke. Van hierdie 200 lidlande, is slegs 9 selfonderhoudend en moet die res ondersteun word in die verskaffing van Bybels aan hulle om in daardie lande versprei te word. Suid Afrika is een van hierdie 9 selfonderhoudende lande. Die Gideons Internasionaal versprei die Bybel in 107 tale wêreldwyd, terwyl dit in 11 tale in SA geplaas word.

**Plasing:** Hoewel die Gideons reeds in 1899 gestig is, is daar eers vanaf 1908 begin om die Woord op die sg verkeersweë van die wêreld te plaas. Sedert 1908 is daar in totaal 2,373,553,025 Bybels wêreldwyd geplaas. Gedurende die 2018/2019-finansiële jaar, is 73 358 300 Bybels wêreldwyd geplaas. Die *Gideons Internasionaal in SA* is in 1950 gestig en sedertdien is daar in totaal 43 171,848 Bybels landwyd geplaas. In die laaste finansiële jaar is daar 1 021 008 Bybels in SA versprei. Ons is die Here só dankbaar vir hierdie geleenthede om Sy Woord te kan versprei.

**Vriende van Gideons:** Die *Vriende van Gideons* is 'n inisiatief van die Gideons Internasionaal waarby enigeen betrokke kan raak, sonder om formeel 'n lid van die Gideons Internasionaal te word. Die *Vriende van Gideons* bied aan persone die geleentheid om finansiële en gebedsondersteuning te gee in die vervulling van die doelwit om siele na Jesus Christus te lei. U kan 'n gebeds- of 'n finansiële Vriend word. Indien u 'n debietorder van 'n minimum van R200 per maand onderteken, kry u drie Nuwe Testamente per kwartaal (u kan self besluit aan wie u dit wil gee), sowel as ons Nuusbrief, *SA Gideon*-tydskrif, ons gebedskalender en uitnodigings na spesiale geleenthede. U sal by die deure ook pamflette oor hierdie inisiatief ontvang.

Een Testament kos slegs R25, dink net hoe dit tot mense se ewigheidswaarde kan toevoeg.

Bid asb vir die bediening, die Heer seën vir Bergsig. So stuur Hy ons om Sy ligdraers te wees!

Indien die Here dalk met u praat en u sou belangstel om moontlik aan te sluit, kontak asb vir Arend Carl by aec2@sun.ac.za of 082 7763536, of vir Louis Blignaut (lbb@global.co.za of 082 5521372).

**Bankbesonderhede**: Gideons Durbanville
FNB (Durbanville (250655), Rek.: 62817617593

# JAN KRIEL LIGGIEBOOM

## Saterdag, 23 November 2019




*Jan Kriel se kinders & Pedro Kruger*

R20 / Skoolgaande kind ~ R100 / volwassene

Kaartjies by Jan Kriel Instituut of
www.quicket.co.za

Navrae: 021 903 0434 / admin@jankriel.co.za

## Durbanville/Bergsig Seniors

Lede wat nog die Kersete wil bywoon moet voor 15 Nov vir Sarel kontak by 021-975 4780.

Lede moet vroegtydig aandui of hulle eie vervoer of die bus gaan gebruik.

Die bus sal op Donderdag 28 Nov om 11:00 vanaf Bergsig Gemeente vertrek.

**29 Nov 2019**

**18:00**




**@ Johan Heyl-Sportgronde**

**Rouxweg Worcester**

**Kom staan saam met die Worcester gemeenskap.**
**Ons bid vir padveiligheid voor die Kersseisoen aanbreek.**

**Bring jou gesin, vriende en bure!**
-asook 'n kampstoel of piekniekkombers-

JAFFLES, PANNEKOEK, KOELDRANK & SKYFIES TE KOOP
(Alle winste gaan vir Bybelverspreiding)

**Eenheid - Woord - Praise & Worship - Gebed - Blessings**

Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld



Durbanville-Bergsig bedien ongeveer **400** kinders tot en met 12 jaar oud. Ons kinderbediening, **GLOWKIDZ,** kry sy naam van **G**lo en **L**eef met **O**mgee in die **W**êreld – 'n waarde wat Bergsig as Sy Ligdraers ook nastreef.

Die sleutel tot 'n kind se geestelike groei is verhouding en ons het volwassenes (en tieners) nodig om verhoudings met ons kinders te bou en sodoende geestelik in hul lewens in te spreek. Ons kinderbediening verrig 'n verskeidenheid take, daarom is daar werklik plek vir enige iemand om sy/haar gawes in hierdie bediening uit te leef.

***Glow-fasiliteerders***: Hierdie mense bied 'n onderwerp/les aan en help kinders om iets te leer. Hulle is gemaklik om voor kinders te praat, is kreatief in hul aanbieding van inhoud en dit is vir kinders lekker om na te luister.

***Glow-leiers***: Hierdie mense is by uitstek verhouding bouers. Hulle laat kinders gemaklik voel by hulle deur saam met hulle op die mat te sit, saam met hulle die handwerkaktiwiteit te doen en die onderwerp/les in klein groepies te sit en bespreek (onder leiding van die fasiliteerder). Aangesien hulle gereeld met die kinders gesels, leer hulle die kinders goed ken en word hulle vir die kinders 'n veilige ruimte.

***Glow-tegnies:*** Ons sing, dans, hou poppekas en maak baie gebruik van multimedia in ons Glowdienste. Ons het elke Sondag klank- en beeldoperateurs nodig om dit te kan doen.

***Glow-musiek***: Musiek en beweging is 'n groot deel van ons kinderbediening en ons het musikante, sangers en bewegingsleiers nodig.

***Glow-administrasie:*** Elke kind in ons kinderbediening kry elke Sondagoggend 'n naamkaartjie wat ge-"scan" word by die deur. Die naamkaartjies moet weekliks alfabeties gesorteer word, iemand moet die selfoon wat "scan" by die deur beman en iemand moet mense help wat nuut is en wil registreer.

***Glowsparks:*** Ons het 'n lokaal ingerig vir kinders 0-3 jaar oud wat vryspel doen gedurende die erediens. Ons benodig oppassers wat vir die duur van die eredienste 'n ogie op hierdie outjies hou.

Indien jy geroepe voel om by enige van hierdie funksies in te skakel, meld asseblief aan by http://bit.do/glowvrywilligers. Vul die vorm in en ons sal jou so spoedig moontlik kontak. Ons gebruik tans ons vrywilligers elke 2de of 3de week. Dit is egter belangrik om toegewyd te wees indien jy deel is van die span – ons reken op jou! Mag jy saam met ons die voorreg van kinderbediening ontdek!!













Bergsig se kinderbediening, Glowkidz, het hierdie jaar in hul dienste dieselfde preektemas as die informele dienste gevolg. So het ons 'n rukkie gelede geleer dat alles wat ons het aan die Here behoort en dat ons ons eerste vrug na die plek van aanbidding moet bring (Deut. 26).

Die kinders (4-9 jaar) het elkeen 'n koevert gemaak wat hulle huis toe geneem het om iets in te sit om na die kerk te bring. Ons het geleer dat God nie net ons geld nie, maar ook ons goed en ons tyd kan gebruik.

Verlede Sondag het die Glowkidz hul koeverte teruggebring na die kerk toe om dit vir die Here te gee. Met die oopmaak van die koeverte het ons note en munte uit kinders se spaarbussies gekry en selfs iemand se mooiste armbande en lekkerste lekkers! Kinders het opgewonde vertel hoe hulle van hul sakgeld in die koeverte gesit het. Jesus het geweet hoeveel ons by ons kinders kan leer toe hy die grootmense aangesê het om die kinders toe te laat om na Hom te kom. Ons dank die Here vir ouers wat Sondae na ons eredienste met hul kinders in gesprek tree en kinders in ons gemeente wat reeds as Sy Ligdraers in die wêreld leef!

**HOE MAAK EK NOU?**

**Vir registrasie van leiers vir 2020:**
**http://bit.do/glowkidzleiers**

**Vir registrasie van kinders vir 2020:**
**http://bit.do/glowkidz**

**Skakel na alle glowkidz videos:**
**http://bit.do/glowkidzvideos**



# kuierkerk@bergsig

**Kom kuier vandag saam by die kerk om 11:30 na die informele diens.**

**Bring eie braaivleis, drinkgoed en eetgerei of jou gunsteling wegneemete. Vure word voorsien.**

**Almal welkom: kleingroepe, individue, oud en jonk, persone wat wil deel word van 'n kleingroep en selfs jou skoonma …**

**Vir meer inligting kontak Murray by bergsig.kleingroepe@gmail.com**

# KOEKIES VIR KERSFEES

Help ons om koekies te bak of koop maar 'n boksie as jy nie kan bak nie. Bring dit saam na dienste / kerkkantoor, nie later as 1 Des. se Kerssangdiens. Ons verpak dit op 3 Des. Enigiemand kan kom help verpak. Dit is 'n heerlike plek om mense te leer ken. Ons mik om so 1200 pakkies uit te deel aan eensames oor die feesgety. Navrae: Kerkkantoor



**Gemeentekuier Rib en tjips aand se wins was R20 000. Ons is baie dankbaar.**

SCHOONGEZICHT

Kampterrein

## GEMEENTEKAMP 2020 Ceres

Skop die vakansie op 'n hoë noot af!

20 - 22 Maart 2020

Navrae: Jolene Schoeman

**083 444 3550**

**jolene@inboxme.biz**

## Koninkryksveldtog

**(Okt '19 – Febr '20)**

| | |
|---|---|
| **DOELWIT** | **R750 000** |
| **INGESAMEL** | **R480 199** |
| **BENODIG** | **R269 801** |

**Ons het 64% van die teiken bereik**

**Kontant / Koevert / Elektroniese Oordrag / Debietorder / Zapper of Snapscan**

Diep Sarie getuig dat sy dié jaar haar gesindheid moes ondersoek oor om GELD te gee vir die kerk. Sy moes haarself afvra of sy met VREUGDE gee of met 'n lang lip? Sy glo wel haar GEE moet tot seën van ander wees, maar die met VREUGDE gee was moeilik! Sy moes stilword om van voor af bewus te word dat alles aan God behoort en sy Hom dank met haar offer. Sy glo dat die kerk God se werk op aarde doen. Sy sukkel wel om met haar man te praat hieroor. Dalk moet sy dit ook in GEBED opdra?

scan to donate now

zapper donate with VISA and many more www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 O18 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810